Die Voortrekkers

Kruinsig Kommando

GEBIEDSGOEDGEKEURDE AKTIWITEIT/-NAWEEK (GGA/GGN) 2022

SAAMBRINGLYSIE

Ons doen ‘n spesiale beroep op Voortrekkerlede om deel te neem aan ons gemeenskapsprojek. Ons het ‘n bakkie waarvan ons die bak wil vol maak met blikkies kos, nie bederfbare produkte, komberse, ou klere en troeteldierekos. Oud of nuut bring wat jy het om die bakkie vol te maak.

GRAAD R : **OPPI-WA**	Bring asseblief die volgende saam: Ou klere, **SONHOED en SONBRANDROOM (NB)** Die kinders gaan handwerk aktiwiteite geniet wat hulle so bietjie van die Voortrekkers leer. Dit sal afgewissel word met tradisionele speletjies wat buite sal plaasvind. 1. Potlode, skêr en gom 2. Bordesak Aktiwiteite eindig met die aanvang van middagete
GRAAD 1: **TUINIER** 	Bring asseblief die volgende saam: Ou klere, **SONHOED en SONBRANDROOM (NB)** Die kinders gaan ‘n gedeelte van die kursus in direkte son werk. Nael borseltjie 1. ’n Boontjie in nat watte (minstens 1–2 weke voor die tyd in watte gegroei word) 2. ‘n Kruieplantjie wat oorgeplant kan word in ‘n houer 3. 2x Blomplantjies om te plant op die terein 4. 1x 2L plastiek melkbottel of melkkartonhouer 5. 1x 2L Cokebottel 6. 1x klein tuin grafie en vurkie 7. Potlode, skêr en gom 8. Bordesak Kursus voltooi om 14:00 Saterdag
GRAAD 2: **OU KAAP** 	Bring asseblief volgende saam: 1. Skryfbehoeftes: Pen en potlood, inkleurpotlode/kryte, gom (Pritt - NB!), ’n skêr. 2. 2 leë toiletrolle 3. 1 Bierboks 4. Gaan ‘n paar minute Saterdag buite spandeer. Pette, sonhoedens en sonbrandroom word aanbeveel. 5. Bordesak Kursus begin Vrydag aand en hervat Saterdag oggend. Die kursus voltooi om 16:00 Saterdag

GRAAD 3: **DIE KOK** 	Bring asseblief volgende saam: 1. Skêr, Gom, Pen & Kleurpotlode 2. Benodighede om 'n tafel te dek in span verband (*tafeldoek, messe, vurke, borde, servette en glase*) - Julle gaan by julle tafels eet. 3. *Tafelversierings moet by kenteken aanmekaar gesit word* 4. Skinkbord - 1 per span 5. Vadoek & Wasvadoek 6. Klein handdoekie (vir hande) 7. Voorskoot 8. Eierspaan 9. Klein bakkie om in te meng - 1 per span 10. Bordesak (nie papierborde nie asb..Ons gebruik die borde vir die meng van eetgoed) Die kursus voltooi om 14:00 Saterdag
GRAAD 4: **NOODHULP** 	Bring asseblief die volgende saam: Per persoon: 1. 2 rekverbande – 75 mm breed (“crepe bandage”) 2. 4 pleisters 3. 1 tou – ongeveer 1 meter lank, so dik soos ’n kind se pinkie (Voortrekkertou) 4. veters 5. 1 Koerant/ dik tydskrif 6. Waterbottel 7. Bordesak 8. **SONHOED en SONBRANDROOM** Die kursus begin om Vrydagaand en hervat Saterdag oggend. Die kursus voltooi om 16:00 Saterdag
GRAAD 5 : **BOERESPORT** 	Bring asseblief die volgende saam: 1. 1 x Eetlepel 2. **SONHOED en SONBRANDROOM (NB!)** – Hulle is meestal buite in die son 3. Bordesak en waterbottel *Let wel dat elke kind verantwoordelik is om gereeld sonbrandroom te smeer, water te drink en ten alle tye sy/haar hoed te dra.* *Die kursus begin Vrydagaand en hervat Saterdag oggend.* *Die kursus voltooi om 16:00 Saterdag*

GRAAD 6 : **SENIOR PARAATHEID** 	Bring asseblief die volgende saam: 1. Klein kamp gassilinder (‘gascooker’) met kop **per span.** 2. Fluitjie, 3. flits, 4. A3 karton, 5. skêr, 6. gom, kleur potlode, 7. bordesak. Elke Voortrekker MOET ook inligting bring om ‘n plakkaat maak met prente en berigte (uitknipsels) wat betrekking het op ten minste vier van die volgende onderwerpe: 1. Aardbewing 2. Bomaanval 3. Ontvoering 4. Kaping 5. Skietaanval 6. Verkeerde maats *Die plakkaat gaan gedurende kursustyd gemaak word.* Die kursus begin om Vrydagaand en hervat Saterdag oggend. Die kursus voltooi om 16:00 Saterdag
GRAAD 7: **AFRIKANERKIND** 	BRING ASSEBLIEF DIE VOLGENDE SAAM: **SONHOED & SONBRANDROOM** 1. Bordesak 2. Skryfgoed, 3. papier, 4. skêr en gom 5. A4 projekboek ("flipfile”) of A4 portefeulje (met twee gaatjies) waarin werk verpak kan word. <u>Vir vereiste 7:</u> Bring inligting rondom 'n skrywer of digter of kunstenaar of akteur saam. Die jeuglid moet iets van die persoon vertel, vasstel wat hy vir die Afrikanervolk beteken het, kennis dra van minstens drie van sy werke en beskryf waarom hierdie persoon sy keuse was. Dit gaan in twee A4 bladsy saamgevat word <u>Vir vereiste 2:</u> Historiese gebeurtenisse: bring bronne en inligting saam – gaan in kursustyd daaraan werk en chronologies rangskik (een A4 bladsy) <u>Vir vereiste 4</u>: Monumente: bring foto's wat bewys dat hulle 'n monument/e besoek het, asook inligting van twee monumente saam – gaan in kursustyd die simboliek beskryf (een A4 bladsy) <u>Vir vereiste 6:</u> Liedere: Bring twee volksliedjies en twee vaderlandsliedere op skrif saam, asook enige twee van jou gunsteling liedjies *Onthou die bronnelys waaruit inligting verkry is.* Die projek sal **IN** kursustyd gedoen word. Die projekboek sal dan ge-evalueer word. Kursus begin Vrydagaand en voltooi om 11:00 Sondag

VERKENNERS: SELFVERDEDIGING 	Verkenner moet vooraf statistieke aangaande die volgende inwin en saambring ten einde aan 'n groepsbespreking te kan deelneem, naamlik: 1.1 Verkragtings 1.2 Aanrandings 1.3 Moord 1.4 Kindermolestering Die Verkenner moet ook oplees oor volgende ten einde aan 'n groepsbespreking te kan deelneem, naamlik: 2.1 Fisiese weerbaarheid 2.2 Geestelike weerbaarheid 2.3 Selfrespek 2.4 Respek vir andere *Kursus voltooi om 16:00 Saterdag*
VERKENNERS: ELEKTRONIKA 	Die Verkenner moet 'n eie soldeerbout saambring Geen voorafwerk word vereis Kursus voltooi om 16:00 Saterdag